

trinitas

Baie welkom by Trinitas!

*Ons sien onself as 'n verlose familie van diensknegte wat gestuur is.
Ontdek saam met ons wat dit vir jou en Vanderbijlpark beteken!*

1 Verlos

SONDAG, 7 FEBRUARIE 2016

OGGEND 09:00

Jou eie profeet

Teks: Deut 18:15-19 en HK Sond 12

Oorsig: Ons begin met ons FOKUStyd se reeks van 3 preke oor verlossing. Dit gaan fokus op Jesus as die Verlosser en sy rol in jou lewe. Vandag leer ons Jesus die profeet ken wat altyd die waarheid praat. Die waarheid is 'n vreemde ding. Soms wil mens dit hê en soms wil mens dit vermy! In jou pad as dissipel van Jesus is waarheid ook baie belangrik... en ook soms ongemaklik. Kom ons dink saam oor Jesus as ons profeet wat altyd die waarheid met ons praat.

AAND 18:00

Hoekom is waarheid nodig?

FOKUStyd Bybelstudie groepe

Teks: 2 Timoteus 3:10-17

Preke beskikbaar in klank en teks by: www.gktrinitas.co.za

VANAF DIE KERKRAAD:

Trinitas: van 2015 na 2016.

Ons tema vir 2015 was: *'n Dissipel luister en lewe.*

Ons het elkeen sekerlik op vars maniere oor jouself begin dink as 'n dissipel van Jesus Christus. Uit sy Woord het Hy vir ons almal dieper insig gegee oor:

- Verloswees en die evangelie
- Familiewees
- Diensknegwees
- Gestuurwees

... en hoe **Hy** daarin raakgesien en geëer word.

Dit het gemaak dat ons op grond van ons *Verloswees* ook begin werk het aan die *familieprojek* om ons terrein en fasiliteite so in te rig dat ons nóg beter bande kan bou en kuier. Ons het ook nou 'n bedieningsmuur op in die saal en het begin om die Diakonie te laat herfokus op alle *dienswerk* in die gemeente. Ons het begin met *gemeenskapsaande* om saam te dink, praat en beplan oor uitreik as *gestuurdes* na ons gemeenskap. Hierdie en ander goeie inisiatiewe van 2015 is maar alles net die raamwerk waarbinne elke lidmaat kan opstaan en deelneem om God se roem te laat groei omdat Hy uit genade vir mense soos ons lewe kom gee het deur Jesus se dood en opstanding.

Die Kerkraad het toe by 'n Bosberaad in Oktober 2015 saam gebid en gedink oor al hierdie dinge. Oor hoe die Here se genade in 2015 vir ons GROOT was en hoe om in 2016 Hom verder te volg. Daar het ons saam op die tema besluit vir 2016:

Dissipels Neem Aksie –DNA–

'n Vakleerling leer eers werklik soos wat hy/sy besig raak. *Aksie* is in die DNA van dissipels. Baie van die inisiatiewe is nog maar net afgeskop. Elke lidmaat behoort dit met sy of haar gawes nog verder te ontwikkel, vestig en laat groei sodat God gesien kan word en nie ons nie. Mag ons ook verder in 2016 beleef hoe God ons deur sy Woord en Gees opbou en gebruik as sy volgelinge in Vanderbijlpark.

Die Kerkraad.

Corrie Botha, Alan Brotherton, Martin de Klerk, Dewald Pieters, Pieter van Helden, Gerrit van Wyk, Griffel van Wyk en Hardus Visser.

PROGRAM VIR DIE WEEK

Dinsdag, 9 Februarie

Lotuslanders byeenkoms
Aandbybelstudie 19:00

Woensdag, 10 Februarie

Bybelstudie 09:00
Winning @work and @home 18:00

Vrydag, 12 Februarie

Manne-oggend 05:30

SONDAGAANDE: 1STE KWARTAAL

Datum	Geleentheid
7 Feb.	Fokustyd Bybelstudies
14 Feb.	Fokustyd Bybelstudies
21 Feb.	Fokustyd Bybelstudies
28 Feb.	Nagmaal (19:00)
6 Mrt.	Aandbyeenkoms
13 Mrt.	Gemeenskapsaand



'n **VERLOSTE** familie diensknegte wat g

2 Familie

LIEF EN LEED

Dink in jou gebede aan hierdie lidmate:

- Ben du Plessis ☎ 082 505 7038 het Donderdag 'n blaasoperasie ondergaan.
- Catharina Botes ☎ 082 335 0100 gaan eerskomende Dinsdag in vir 'n hartomleidingsoperasie.
- Mariet Voges ☎ 072 124 8152 se nier word eerskomende Dinsdag verwyder.
- Kobus Bester ☎ 083 764 0063 het verhuis na Plekkie in die Son, Sonlandpark.

Laat weet asb. die kerkkantoor van siektes, swaarkry, asook van vreugdes.

VERJAARSDAE: HARTLIK GELUK!

07/01	Anneri Duminy	☎ 084 382 1686
07/02	Anna Kotze	☎ 074 877 5252
08/02	Hannah Campher	☎ 072 150 4778
09/02	Oebele Feenstra	☎ 072 238 2282
09/02	Danie Roelofse	☎ 016 933 7488
09/02	Elmarie Senekal	☎ 072 521 7598
10/02	Michael Language	☎ 072 823 8538
10/02	Jokkie v/d Westhuizen	☎ 072 146 3934
11/02	Rudolph Pieterse	☎ 076 038 2319
11/02	Hendrik v/d Schyff	☎ 082 780 0405
12/02	Marius Geldenhuis	☎ 084 207 4217
12/02	Pierre Greef	☎ 079 857 4571
12/02	Michelle Guttner	☎ 016 981 1621
12/02	Natasja Pile	☎ 082 467 7104
12/02	Quintin Viviers	☎ 083 227 8371
13/02	Cornel Campher	☎ 072 150 4778
13/02	Tanya Keulder	☎ 016 933 3181
13/02	Fanie v/d Merwe	☎ 083 626 1009
13/02	Angenique v/d Schyff	☎ 084 360 9464
13/02	Antionette Williams	☎ 083 781 0081

SPEZIALE VERJAARSDAE

Geen.

HUWELIKSHERDENKINGS

7 Feb. Chris en Marie Viljoen 57 jaar.

☎ 082 921 2658 & 072 383 0800

8 Feb. Harry en Johanna Broersma, 30 jaar. ☎ 0834681145 & 0722582065

GEBEDSVERSOEK: HUWELIKE

Op die oomblik is daar 'n paar huwelike in Trinitas wat deur diep waters gaan, asook hangende egskeidings. Ons wil graag die res van die Trinitas-familie vra om hiervoor te bid en te help waar julle kan (Hebreërs 13:4). As ouderlinge is ons besig met die nodige gebede, ondersteuning en ernstige vermaning tot die beste van ons vermoë (Matteus 18). Ons bid dat God se Gees ook die res van die Trinitas-liggaam sal gebruik om die dele wat swaarkry of in sonde volhard op gepaste maniere te help (Galasiërs 6).

Bid daarom saam (Jakobus 5:16):

- **Dat** die partye wat verwerping beleef eerstens na Christus sal vlug en in Hom en sy voltooide werk aan die kruis die nodige troos en aanvaarding sal vind. Waar jy dalk hierdie persone ken, herinner hulle heelyd aan hierdie evangelie en demonstreer dit vir hulle – dis al wat werklik kan troos (HK Sondag 1).
- **Dat** die partye wat in sonde volhard omdat hulle nie in Christus alleen rus en lewe soek nie tot inkeer sal kom. Dat hulle mag raaksien dat hulle diepste behoeftes en oplossing by Jesus lê, en nie in ander mense of

situasies nie (Johannes 4). Waar jy dalk hierdie persone ken, gesels asb. reguit maar liefdevol met hulle en herinner hulle heelyd aan hierdie evangelie en die hoë roeping van 'n huwelik as toonbeeld van die evangelie (Efesiërs 5:31-33).

- **Dat** die kinders en families wat hierdeur geraak word, toegevoeg sal word in die Here se genade en dat hulle te midde van onstuimige omstandighede sy nabyheid en leiding van sy Gees mag beleef, veral deur ons Trinitas-familie (Efesiërs 4).
- **Dat** jyself wat dalk kennis van bepaalde gevalle dra, bewaar sal word van bevooroordeelde wees of om daarvoor te skinder, sodat jy op hierdie manier jou naaste en God se eer sal bewaar (9de Gebod; HK Sondag 43).
- **Dat** die ouderlinge die nodige wysheid en leiding sal ontvang om liefdevol te tug waar en soos nodig asof dit Christus self is wat so onder ons werk om sy liefde in ons te laat skitter (Handelinge 20:28 ev; 1 Petrus 5:1-4). Mag ons saam beseft hoe sondig, swak en afhanklik ons almal voor God is en hoe nodig ons huwelike sy genade elke dag het. Mag ons almal gewaarsku wees om ons huwelike elke dag te versorg en op te pas. Ons is dankbaar dat daar wel ook baie sulke huwelike tussen ons is. Mag ons juis daarom in liefde nie huiwer om mekaar nader na Hom te roep as dit nodig is nie. Mag God se werk ook in dié probleme gesien en bewonder word tot sy eer.

Die Kerkraad

ATTESTATE/BEWYSE

Word afgekondig.

NUWE LIDMATE

Die diakonie is aan die stuur van die Nuwe Lidmate-diensgroep. Kom ontmoet gerus die diensouderling na die erediens voor die preekstoel en skryf asb. al jou besonderhede in die boek by die Welkomhoekie in die saal.

HUISBESOEKVORMS

Indien jy huisbesoek wil ontvang van 'n ouderling, diaken of predikant, **voltooi 'n huisbesoekversoekbriefie wat by die deure beskikbaar is** en plaas dit in die kerkkantoor se rakkie in die saal of **Die Helper** se kassie by die hoofingang.

BYBELSTUDIES


Woensdae om 09:00 by die kerk.
Dinsdae om 19:00, Carterstraat 16 (soos op die kalender aangedui).

JOU GKSA HEFFINGS VAN R66 p.m.

Trinitas moet maandeliks 'n bedrag van R66 betaal vir elke lidmaat in ons Trinitas-familie wat geloofsbelydenis afgelê het. *Ongeag of jy enige kerklike bydrae maak*, moet die kerkraad hierdie bedrag maandeliks aan die kerkverband oorbetal. Dit kos ons Trinitas familie *elke maand* R41 595. (Jaarliks is dit R498 540!) Hierdie is nie 'n nuwe saak nie en geld al vir dekades lank vir elke gemeente in ons kerkverband. Dit word ook 'n raming genoem.

Indien jy jou R66 p.m. *kán* bydra, bring jy jou kant om jou familie elke maand R41 595 te spaar (en amper 'n halfmiljoen per jaar)! Dan kan ons baie opwindende dinge in ons bediening sonder kommer aanpak!

Hierdie R66 p.m. is veral belangrik indien jy op die oomblik dalk geen bydra maak nie, terwyl 'n bydrae van selfs meer as R66 p.m. dalk vir jou moontlik sou wees. As jy reeds bydra, vra ons nie noodwendig dat jy hierdie bedrag nou ekstra moet gee nie. Ons bring dit net onder jou aandag dat die eerste R66 van jou bydrae maandeliks eintlik elders gaan en dit 'n groot verskil maak aan ons begroting.



Maar, is hierdie heffing op jou as lidmaat werklik nodig? ... Ja!

Al die kerke in ons kerkverband het afgespreek om sekere werk saam te doen.



- Ons het 'n goeie teologiese skool met 10 professore en administratiewe en ondersteuningpersoneel.
- Ons het jaarliks omtrent 50 teologiese studente wat met beurse gehelp word.

- Ons het 103 afgetrede predikante, 69 weduwees en 10 wewenaars wat versorging nodig het.
- Administratiewe personeel om hierdie sake en finansies van die kerkverband te bestuur (Die Administratiewe Buro in Potchefstroom). Hier is ook kostes soos drukwerk, reiskostes, instandhouding van geboue en ander.
- Ons het jaarliks ongeveer 40 kerke wat finansiële ondersteuning kry

Hierdie heffing maak dus goeie en nodige werk moontlik. Wanneer jy maandeliks jou R66 bydra, help jy jou kerkverband om hierdie nodige dienswerk te doen. Jy maak dit dan ook moontlik vir ons as Trinitas om beter te kan bedien met ons begroting. Dankie vir almal se mooi gesindheid en bydraes.

VERJAARSDAG-TEE – 21 FEBRUARIE

Vanaf 2016 wil ons graag almal in Trinitas se verjaarsdae vier en saam dankbaar wees oor elkeen wat vir nog 'n jaar gespaar is. Ons beplan daarom vier verjaarsdag-tees vir vanjaar, een elke kwartaal. Ons vra dat elkeen wat in die betrokke kwartaal verjaar asb. 'n bordjie eetgoed vir die tee sal bring. Sal elkeen wat dus tussen 1 Januarie en 31 Maart verjaar asb. 'n bordjie eetgoed bring vir die verjaarsdag-tee van 21 Februarie? Almal word hartlik uitgenooi om saam met ons te kom fees vier, 'n lekker koppie koffie te drink en 'n smulhappie te geniet.

Groete: Gasvryheid-diensgroep

Verjaarsdag-tee datums vir 2016:

Datum:	Wie bring eetgoed:
21 Februarie	1 Januarie-31 Maart
15 Mei	1 April-30 Junie
21 Augustus	1 Julie-30 September
23 Oktober	1 Oktober-31 Desember



Dienskneg

ORRELBEGELEIDING

09:00 – Nannes van der Walt

OUDERLINGE AAN DIENS

Pieter van Helden/Dup du Preez

DIAKENS AAN DIENS

Dian Smith

KOSTER AAN DIENS

Theuns Odendaal

DATABORDDIENS

Behartig deur die Tegnieuse span

KOLLEKTES

Onder die erediens vir Diakonale Kas

07/02 – Effata (Dowes)

14/02 – Evangelisasie/Sending

ONTVANG DIE PREEKTEKS PER E-POS

Stuur op Maandae 'n blanko e-pos na preek@gktrinitas.co.za. (Jy moet elke keer wat jy die preek wil hê 'n e-pos stuur). Die stelsel sal self binne 60 sekondes die preekteks vir jou aanstuur. Dis ten volle outomaties en werk 24/7. Kontak Hans van Wyk, ☎ 0828111990, vir inligting (*Preektekste sal Sondag na 12:00 op ons webblad beskikbaar wees*).

OPNAMES VAN EREDIENSTE OP CD

Indien jy 'n opname van 'n preek wil hê, stuur 'n versoek aan die kerkkantoor of aan Hennie Smit ☎️ 0711063978.

GEHOORAPPARATE

Dit kan Sondagoggende agter in die kerk onder die trap gekry word.

TEESKINK

Vanoggend skink Elize du Plessis se groepie en volgende week skink Lynette Roelofse se groepie. Gretha van Wyk ☎️ 0764688963 is die sameroeper van die diensgroep.

KLEUTERKERK

Kleuterkerk vind Sondagoggende saam met katkisasie plaas in die eerste klaskamer. Alle kleuters van 2-6 jaar is welkom. Mammies van tweejariges kan dit saam bywoon. Kontak Petroné van der Merwe ☎️ 0729414308 indien jy geroepe voel om deel te vorm van die Kleuterkerkspan.

DR. FRANS MINNIE

Dr. Frans Minnie (pastorale berader) is op **Maandae** beskikbaar by die kerk **slegs vir lidmate van Gereformeerde gemeentes. Afsprake word deur die kerkkantoor of deur dr. Minnie self gemaak.** Kontak die Kerkkantoor vir afspraak. Donasies kan inbetaal word by: FNB Tjekrekening No: 621 843 512 04, Takkode: 250-945.

SIEKEBESOEK

Kontak die kerkkantoor of Tina van Vuuren ☎️ 0837881810 indien jy by die Siekebesoek diensgroep wil inskakel.

MEDEWERKERS

Dankie vir almal wat reeds hul name opgegee het. Die medewerkerslyste is in die saal by die ouderlinge se kennisgewingbord opgesit. Kontak gerus jou ouderling of Alan Brotherton ☎️ 0834685243 met enige vrae.



DIE HELPER is 'n *diens* wat praktiese hulp met klein takies in en om die huis bied vir lidmate wat nie self daarmee kan regkom nie. Dit is tipies bedoel vir lidmate wat bv. verswak het, bejaard is of dames wat enkellopend is. Neem gerus die vrymoedigheid om gebruik te maak van **Die Helper**. Vir hulp of raad, los 'n briefie in die houtkis in die voorportaal of kontak André Smith ☎️ 0844627830.

KRUIDENIERSWARE BENODIG

Indien jy 'n bydrae wil maak, kan jy volgens die onderstaande lys aankoop (plaas skenkings in groot houer in die saal naby die kombuis):
Suiker, pasta, bullybeef, koffie, tee, soja maaltvleis, grondboontjebotter, Pilchards vis, konfyt, melkpoeier, sout, bakedbeans, tamatie- en uiesmoor, blikkies gemengde groente, pakkies sop, rys, koekie Sunlight seep, toiletseep, toiletpapier, sjampoe, tandepasta, tandeborsels en waslappe. **(Plaas alle skenkings in die groot houer in die saal.** Ons waardeer alle hulp opreg. Diakonie.)

PROJEK – GROEIPYNE

Ons as Trinitas-familie het 'n probleem waaroor ons baie bly is! Vanweë groeiende gebruik van die fasiliteite en lokale op die terrein het ons ekstra stoorplek nodig sodat ons die bestaande lokale doelgerig kan gebruik. As spesiale projek wil ons graag 'n skepsvraghouer (*container*) aankoop sodat hierdie momentum nie gekeer word nie. Die koste beloop ongeveer R25 000. Bydraes hiervoor, groot of klein, kan gemaak word in ons lopende rekening. Merk dit asb. as 'Groeipyne'.

4 Gestuur



Kontak André ☎ 0828592186 of
Rochelle Moolman ☎ 0824544147

ONDERSTEUNING VIR MADAGASKAR

Kontak: Gert Visser ☎ 0834491036
Bydraes: Aksie Uitreik, ABSA, rek no.
9055971748

EVANGELISASIE – KONINGSKINDERS

Philip Snyman ☎ 0834681035, Anne-
Marie Snyman ☎ 0798756743 of
Christa Snyman ☎ 0798779882.

GEMEENSKAPSAANDE

Ons as gestuurdes verstaan nog baie min van hoe om Jesus evangeliserend in ons omgewing in te volg en om instrumente in God se hande te wees waardeur mense tot bekering kom en by Trinitas aansluit. Ons gaan God

vertrou en begin om meer daarvan te verstaan en te doen.

Ons gaan begin deur van tyd tot tyd 'n "GEMEENSKAPSAAND" te hou. Dit is geleenthede op Sondagaande waar ons óf eers hieroor leer, dink en beplan, óf werklik kontak maak met die gemeenskap om hulle met die evangelie te bereik.

LOTUSLANDERS

Ons skop DV op 9 Februarie die jaar af met 'n piekniek by Suikerbosrand Diepkloof piekniekterrein. Bring u eie piekniekmandjie en kom kuier gesellig saam. Almal wat belangstel is altyd baie welkom. Die kombi vertrek om 09:30 vanaf die kerkgebou. Koos en Babsie Jacobs ☎ 0836505227.



Kontakpersoon:
Hardus Visser
☎ 0828215642.

HERWINNING

Die Here stuur ons om sy Skepping op te pas omdat dit Hom ook vir die wêreld wys. Kontakpersoon: Maureen van Helden ☎ 0823922093.



ALGEMEEN

BELANGRIKE DATUMS FEBRUARIE

- 9 Feb. Lotuslandersbyeenkoms
- 14 Feb. Ouderlinge vergadering
- 21 Feb. Diakonievergadering
- 21. Feb. Aand: Toerusting
- 28 Feb. Nagmaal

GKSA NUUS

BEROEPE ONTVANG

OP DIE KENNISGEWINGBORD

- Sustersaamtrek

KRUISPAD

Kruispad is die jeugtydskrif van die GKSA (www.kruispad.net). Stuur 'n e-pos aan kantoor@kruispad.net indien jy wil inteken of 'n artikel wil skryf.

BYBELS EN PSALMBOEKE

Maak gerus tydens die erediens gebruik van die Bybels en Psalmboeke op die tafel in die voorportaal. Lidmate wat nog Bybels en groen Psalmboeke wil skenk, kan dit op die tafel plaas vir erediensgebruik.

TRINITAS-BOEK-HOEK

Kontakpersoon: Franciska van der Merwe ☎ 0827818032.

WERKSOEKENDES

Indien jy werk benodig of wil aanbied, kan jy dit voortaan aan die kerkkantoor deurgee vir plasing in die nuusbrief.

SUSTERSAAMTREK 2016

Laat God se liefde weergalm!

Datum: 2 Maart 2016

Tyd: 09:00

Adres: H/v Thames en Tayrylane
Drie Riviere

Koste: R120,00

RSVP voor 12 Februarie 2016

(Kry meer besonderhede op die advertensie op die kennisgewingbord)
Skryf asb. jou naam op die lys by die Welkomhoekie. Gelde kan aan Gretha

van Wyk of Theuns Odendaal oorhandig word.

KONTAK ONS

www.gktrinitas.co.za



GKTrinitas

Kerkkantoor:

Elsabé Muller

☎ 0169825017 / 0724874258

kantoor@gktrinitas.co.za

Faks no.: 086 219 5728

Kerkkantoor tye:

Maandag tot Donderdag

Tye: 08:00 tot 13:00

Vrydae: 08:00 tot 12:00 (Nuusbrief)

Skriba:

Gerrit van Wyk 0823328550

Kosters:

Theuns Odendaal 0832561387

Elsa Prinsloo 0794778699

Orrelis:

Nannes van der Walt 0833041841

Bankbesonderhede van kerk:

Rek. naam: Geref. Kerk Vanderbijlpark
Trinitas

ABSA Tjekrekening 530340449

Predikant:

Griffel van Wyk

☎ 0169324615 / 0823543726

Adres: Ogilviestraat 6, SE2

Vanderbijlpark

e-pos: griffel@gktrinitas.co.za



JEUGBEDIENING

Graad 1 - 3

EENHEID 1: EK EN GOD: *Omdat God my gemaak het, weet ek dat Hy vir my lief is en vir my omgee*

- Les 1: God het alles gemaak
- Les 2: God was lief vir Adam en Eva
- Les 3: Noag en die ark
- Les 4: Abraham se nuwe huis

Graad 4 - 6

EENHEID 1: IN DIE BEGIN: *God het my gemaak, ek weet Hy is lief vir my en dat Hy vir my omgee*

- Les 1: God skep die wêreld
- Les 2: God gee om vir Adam en Eva
- Les 3: God stuur 'n vloed
- Les 4: Die Toring van Babel

Graad 7 - 9

EENHEID 1: CHRISTENSKAP: DIE BASIS: *Feite rakende die ware God*

- Les 1: God die Vader: Die Liefde
- Les 2: God die Seun: Die Lewe
- Les 3: God die Heilige Gees: Die Lig

Graad 10

- Les 1: Inleiding
- Les 2-4: Sonde

Let asseblief daarop dat hierdie slegs 'n aanduiding is van wat beplan word en dat daar dalk afgewyk mag word hiervan. Alle jeugleiers gaan sover moontlik volgens die beplanning werk, maar indien daar ander reëlings is, sal dit aan die jeug in die betrokke grade deurgegee word. U as ouer word versoek om aktief betrokke te wees by u kind se opdragte en die temas kan ook gebruik word tydens gesinsbybelstudie. Die graad 11 jeug het 'n volledig uitgewerkte lesrooster, maar dit word nie geplaas in die nuusbrieff nie, aangesien hulle ook mag afwyk. Dit sal wel goed gekommunikeer word op hulle WhatsApp. groepe. Vanaf 2016 word die graad 12 jeug ook deur Griffel gelei op hulle pad na Christelike groei. Aan alle graad 12's: Bly asseblief deel van die groep!

Belangrik om te onthou is dat die graad 7 jeug van 2016 af ook sal deel vorm van die hoërskooljeug en daarom ook in die middae jeugkleingroep sal hê en nie meer Sondagoggende nie. Neem kennis dat jeugkleingroepe vir Graad 7 - 12 Sondae om 16:30 sal plaasvind. Dit gee ons jeugleiers genoeg kans om behoorlik deur die lesse te werk en ook nog betyds te wees vir die aand se geleentheid.

FOKUSTyd 1: VERLOS



Ons is in ons eerste FOKUSTyd van die jaar!

Die tema is VERLOS. Ons gaan spesiaal aandag gee aan ons VERLOSSER. Ons wil HOM en sy verskillende rolle in ons lewens leer ken om meer te verstaan van ons VERLOSSING. Die FOKUSTyd duur vir 3 weke en bestaan uit 'n preekreeks en 'n Bybelstudie vir die hele gemeente elke week.

	Preek tema	Bybelstudie tema
WEEK 1	Jou eie profeet	Hoekom is waarheid nodig?
WEEK 2	Jou eie priester	Die pad is oop
WEEK 3	Jou eie koning	Die koning se gesag

Kom volg die preekreeks en skakel in by die Bybelstudies. Ons vra die bestaande Bybelstudiegroepe om ook vir hierdie drie weke die reeks te volg. Indien daar nie in jou wyk Bybelstudies is nie, oorweeg dan om 'n paar mense te nooi en een te begin! Die Bybelstudie riglyne is so opgestel dat enige persoon dit kan lei. Jy kan ook Sondagaande 18:00 by die kerkgebou kom inskakel.

Die Bybelstudie riglyne kan by die kantoor aangevra word of is elektronies beskikbaar by www.gktrinitas.co.za

Fokus saam en groei saam!

NAGMAAL-AANSOEKE IN TRINITAS

Ons wil baie graag hê dat Nagmaal die inspirerende en versterkende geleentheid vir elke Christen sal wees waarvoor Jesus Christus dit bedoel het: Om die evangelie prakties te kan sien, weer saam daarvoor bly te wees en bemoedig te word om met nuwe toewyding Jesus te volg as sy dissipels! Dit is daarom ook verder logies dat mense wat nie as belydende Christene sy dissipels is nie, nie Nagmaal kan gebruik nie. Ook mense wat hulself Christene noem, maar nie omgee om Jesus te volg nie en steeds hardnekkig in sonde volhard, kan nie aan Nagmaal deelneem nie. Party kerke gee nie werklik oor hierdie dinge om nie en het 'n 'oop' Nagmaal wat beteken dat enige persoon/besoeker Nagmaal kan gebruik. Ons gee wel om hieroor en het nie 'n 'oop' Nagmaal nie. In ons kerkverband (die GKSA) is Nagmaal net 'oop' vir mense van buite ons gemeente wat al hul geloof van gereformeerde aard openlik in 'n kerk bely het én van wie daar getuienis is dat hulle Jesus werklik met hulle lewens volg (KO Art 61). Dit is ons kerkraad se verantwoordelikheid om, sover dit moontlik is, hierdie getuienis na te gaan. Ons wil dit ook met wysheid doen en nie in liefdeloosheid God se kinders wegwys deur slaafs net wette te volg nie.

Die volgende kriteria geld dus tydens toelating tot Nagmaal by Trinitas:

- Lidmate uit ander gemeentes van die GKSA of ander gereformeerde kerke met wie die GKSA formeel bande kan het, kan by die kerkraad aansoek doen om saam Nagmaal te vier. Daar moet getuienis wees van hul lidmaatskap, asook van hulle lewenswandel.
- Lidmate van kerke buite hierdie kringe kan ook met erkende getuienis (oor hul belydenis en lewenswandel) deur die kerkraad toegelaat word.

Nagmaal is dus nie oop vir enigeen om op die ingewing van die oomblik te kom deelneem nie. Daarom gee ons hieronder die volgende riglyne.

Indien jy vriende/familie het wat nie lidmate is nie en saam Nagmaal wil vier, vra ons:

1. Dat jy vooraf sy/haar voorneme aan 'n ouderling of die predikant bekend sal maak.
2. Dat jy sal vra dat so iemand een van die volgende *vooraf* sal doen:
 - a. 'n brief van getuienis vanaf sy/haar kerk sal laat aanstuur waarin die Nagmaalviering aanbeveel word;
 - b. of kontakbesonderhede van sy/haar plaaslike predikant/ouderling sal voorsien;
 - c. of ten minste 'n geleentheid sal help reël waartydens die wese van Nagmaal deurgepraat kan word met daardie persoon – saam met ons ouderlinge en/of predikant.
3. Hierdie aansoek moet op die heel laaste *vier dae* voor die betrokke Nagmaal (tipies die voorafgaande Woensdag) aan ons kerkraad bekend wees. Dit sal verseker dat daar genoegsame tyd is om op te volg indien daar verdere inligting oor die getuienis benodig word.
4. Indien die persoon 'n lidmaat van 'n Gereformeerde Kerk is, kan daar egter steeds met die nodige getuienisbrief die Sondagoggend voor Nagmaal aansoek gedoen word.
5. Die Kerkraad sal dus nie sonder genoegsame getuienis enige Nagmaal-aansoeke aanvaar nie. Ons hoop jy verstaan hoe ons Nagmaal-aansoeke werk, veral hoekom dit so werk en dat jy dit ook só vir jou gaste kan verduidelik. Ons wil regtig graag hê dat Nagmaal nie ongelukkigheid moet veroorsaak nie, maar op 'n verantwoordelike manier, met die grootste moontlike betekenis van groot waarde vir almal sal wees.